

Lopholaena coriifolia

Pluisbos

Fluff-bush



Lopholaena coriifolia langs die pad

Blomkoppe in Oktober ; leeragtige blare sigbaar

Beskrywing: 'n Meerjarige, regop (> 1 m hoog), houtagtige struik met mooi, donsagtige, wit blomme in die lente (Oktober); grys-groen, sappige en leeragtige blare. Stam verkleur donker en word houtagtig met groei, met 'n donkerbruin bas wat mettertyd afskilfer.

Oorsprong: Kom inheems voor in die grootste dele van die Mpumalanga en Limpopo provinsies en ook Swaziland.

Voorkoms: Langs die paaie, in oop bergagtige grasvelde en op rotsagtige heuwels in beboste grasvelde. Dikwels kom dit voor in die nabyheid van bankrotbos (*Seriphium plumosum*, voorheen bekend as *Stoebe vulgaris*), in die voorheen, oorbeweide lande van die Waterberg, veral in vogtiger gebiede op die rande van vleilande.

Hoekom dit 'n probleem is: *Lopholaena* is onsmaklik vir diere, maar wanneer dit reeds gevestig is in oorbeweide velde kan dit vinnig versprei en saam met bankrotbos 'n ernstige indringer word; in so 'n mate dat dit die agteruitgang van die grond en 'n verlaging in die biodiversiteit tot gevolg het.

Uitroei- / Beheermetode: Dit is problematies omdat die vernietiging van bo-grond gedeeltes, deur 'n brand of onkruidodertoediening, groei kan stimuleer deurdat risome/uitgroeisels voorkom en dit produseer gevolglik meer blomme; maar herhaalde behandeling kan suksesvol wees.

Fisiese verwydering, insluitende die verwydering van die ontlukende blomkoppe, kan die groei beheer en uiteindelik die plant uitroei; fisiese verwydering is makliker uitvoerbaar as byvoorbeeld vir die bankrotbos.

Onkruidodders moet so vroeg as moontlik in die seisoen toegedien word, verkieslik voor blomtyd. Alle doders vereis die byvoeging van 'n verspreidings- en benattingsmiddel; gebruik slegs die tipe wat deur die etiket gespesifiseer word :

- Alle onkruidodders moet gebruik word wanneer dit vars gemeng is (die oplossing moet nie oornag staan nie).

- **Let Wel:** Volg die instruksies, wat op onkruidodder-etiket aangedui is, noukeurig na. Baie onkruidodders is giftig vir ander plante en/of wild en vee as dit onoordeelkundig gebruik word. (Wangebruik van onkruidodders is 'n kriminele oortreding in terme van Wet 36 van 1947).

Slegs twee onkruidodders is vir die beheer van *Lopholaena* geregistreer; beide gebaseer op die aktiewe bestanddeel picloram, wat baie suksesvol gebruik word. Die geregistreerde onkruidodders is:

- **Access 240** (4920) (picloram 240 g / L, 'n kaliumsout): in vloeistofvorm. Gebruik die benatter Actipron, of BP Crop Oil. Wend op die blare van die plant aan, van November tot Januarie.
- **Browser** (L7357) (picloram 240 g / L, 'n kaliumsout): in vloeistofvorm.

Albei hierdie produkte is bedoel vir blaartoediening en kan aangewend word met behulp van 'n rugsakspuit, saam met die aanbevole verspreidings- en/of skuimmiddel.



Oorname van *Lopholaena coriifolia* in hoogligende gebied in Tarentaalstraat, Vaalwater

Bronnelys:

ARC-LNR SAPIA *Nuus* : 28 (April 2013) : ARC - Navorsingsinstituut vir Plantbeskerming, Pretoria.

www.arc.agric.za

Bromilow, Clive (2010): *Problem Plants and Alien weeds of South Africa*. Briza. Pretoria.

Schmidt, Ernest, Mervyn Lotter & Warren McClelland (2007): *Trees and Shrubs of Mpumalanga and Kruger National Park* (2nd Edition). Jacana, Johannesburg.

Van Zyl, Kathy, (samesteller) (2005): *Control of Unwanted Plants*. Xact Information, Pretoria.

Van Zyl, Kathy, (samesteller) (2012): *Problem Plant Control Compendium*. AVCASA, Midrand
(info@croplife.co.za)

Spesiale dank aan Dr. Gerhard Verdoorn van Griffon Poison Information Centre, Mnr. Ferdie Jordaan van Arysta Lewenswetenskappe en Me. Lesley Henderson van LNR vir hul waardevolle raad en leiding. Hulle entoesiastiese ondersteuning van hierdie vrywillige projek word opreg waardeer.